


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Augustus, 2024 | Volume 01 | Uitgawe Nr. 09




# Beserings na botsing eis Helpmekaar se Hannelie

Dia van Staden - Redakteur

Volgens videomateriaal het Hannelie Schwartz op Donderdag 1 Augustus om 09:59 oor die N12, rigting Hopetown, gery toe die vervoertrok van Liebenlogistics haar voertuig getref het, en die voertuig 'n paar keer getol het, voordat dit teen die metaal padreëling tot stilstand gedwing is.

Volgens Theo Erasmus, die Prinsipaal van die Eureka Nood Mediese Dienste, wat vinnig op die toneel was, het hul Hannelie op die passasiersitplek met verskeie beserings aangetref. "Die impak van die trefslag en die tol van die voertuig moes gelei het tot die verplasing," verduidelik Theo, wat ook 'n bekwame lewensondersteuningsparamedikus is.

Hy vertel dat personeel van 'n nabygeleë kliniek haar probeer help het.

Saam met Sivuyile Ndabetha en Tlale Ezekiel Tjamela, Eurekapersoneel, het hul haar so spoedig moontlik met die nodige stabilisering vir moontlike hoof, spinaal en borsbeserings uit die voertuig gehaal. "Sy het intensiewe sorg benodig wat ons nie langs die pad kon verskaf nie," vertel Theo.

Ettiene de Lange, hoof van die Orania Veiligheidsdienste, vertel dat hul net na 10:00 die oproep ontvang het, waarna hy en Theuns Wessels, Weerbaarheidshoof, hul na die toneel gehaas het. Slegs die motorwrak en die Hopetown polisie was op die toneel.

Ettiene het as voorkomende maatreël die snytoerusting en ambulans laat ontplooi, maar die dienste is herroep toe dit bevestig is dat dit onnodig was.

By die Hopetown hospitaal het hul Hannelie se eggenoot, Hardus, en 'n kollega, Janca Pieterse ontmoet. Die moontlikheid van 'n helikoptervlug na Kimberley se Gariephospitaal is bevestig en die OVD-personeel kon hulself handig maak met die reëlings van die helikopter, 'n landingsplek op 'n skool se rugbyveld oorkant die hospitaal en die verskaf van landingskoördinate. Susan Coetzer, operasionele bestuurder van Eureka, het bystand verleen met die aktivering van die lugambulans.

Op Saterdag 3 Augustus het die familie steeds per Whatsapp vir hul geliefde Hannelie gebed versoek. Die neurochirurg, dr Swanepoel het hul egter ingelig dat die kopbeserings baie ernstig was, maar dat vele ander beserings ook tot haar kritieke toestand bygedra het.

Hannelie het haar laaste asem op Sondag 4 Augustus uitgeblaas en laat die Orania gemeenskap, waar sy met ywer die minder bevoorregtes met sorg gedien het, in skok.

Koerania het verneem dat Hannelie op pad was na Strydenburg om 'n kollega met 'n uitdagende kinderbeskermingsituasie te gaan bystaan.

Ettiene krap sy voorkop ingedagte en vertel: "Van elke situasie bly iets my by. Dit is hoekom ons bootste in die oggende aantrek, maar jy weet nie of jy dit die aand gaan kan uittrek nie."

Die Solidariteit Helpende Hand Bo-Karoo Streek het in 'n sosiale media plasing die volgende gesê: "Dit is met groot hartseer dat ons afskeid neem van Hannelie Schwartz. Sy het diep spore getrap in die harte van Oraniërs as maatskaplike bestuurder van Orania Helpmekaar. Haar hele menswees was iemand wat lus was vir die lewe en nie toegelaat het dat alledaagse dinge haar onderkry nie. Sy was 'n bo-baas planmaker en het haar kollegas geïnspireer om die ekstra myl te loop. Sy was altyd gereed met goeie raad en 'n woord van bemoediging waar nodig. DANKIE dat jy jou lewe gewy het om 'n stem te wees vir diegene wat nie vir hulleself kan praat nie, en dat jy hoop gebring het waar ellendige toestande heers. DANKIE vir jou harde werk en diens aan die gemeenskap. Jou nalatenskap is groot en jou plek hier sal altyd leeg bly."

Hardus het sy hart uitgestort toe hy 'n Facebookplasing gemaak het wat lui: "My Blomvrou. Jou plekkie is skielik leeg en jou stem stil. Hierdie husband van jou mis jou alreeds. Ons is stukkend. Al wat ek kan vra is, hou die hemel oop vir as ek kom. Lief jou vir ewig. Tot ons mekaar weer sien."

Tydens haar begrafnisdiens op Saterdag 10 Augustus het ds Ronald Bain en Frans de Klerk, Uitvoerende Hoof van die Orania Ontwikkelingsmaatskappy, hul respek vir Hannelie en haar werk uitgespreek. Dit is gewis dat sy gemis sal word.




Abigail Ackermann is 'n kreatiewe vrou wat graag haar kunsvernuf aan ander oordra. Sy leef sedert 2006 'n vol lewe vanuit haar rolstoel. Lees meer oor haar pad met gestremdheid op bl. 3.

Foto: Dia van Staden

## KITSNUUS

Lees meer binne

'n Vriendin bring hulde aan Hannelie Schwartz
*Bladsy 2*

Abi rol met waagmoed Voort
*Bladsy 3*

Die Santiago Camino word 'n pelgrimstog
*Bladsy 3*

KultuurKuier met vele hoogtepunte
*Bladsy 4*

Wat sê jy nou vir jouself as 'n tiener?
*Bladsy 6*

Begrond bekyk taal
*Bladsy 10*

Orania by KragDag
*Bladsy 11*

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

**KOERANIA REDAKSIE:** **Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



# KOFFIE EN KLETS

## met die redakteur



Ek is die afgelope maand met meer vrae as antwoorde gekonfronteer. Die rede is maar dat mens jouself met tye blootstel aan mense wat sterk opinies het, nie die status quo wil aanvaar nie, en belange daarby het om die dieper sin van die lewe te vind. Dit is egter daardie soektog wat jou op interessante spore kan laat loop – vorentoe en agtertoe.

Dit is Vrouemaand en ek is beslis nie daarteen dat elkeen sy plekkie in die son moet kry nie. Die toeken van dae en maande aan spesifieke groeperinge is maar 'n bewys dat ons redes moet skep om mekaar te eer, want dit kom nie daagliks en vanself nie.

DUS is dit my voorreg om met fantastiese vroue omring te wees. Familie is tans ver, maar vriende en vroue in my dampkring kan my met tevredenheid en lekkerkry en bewondering vul! Is dit nie 'n voorreg om na iemand te sit en luister en te sien hoe hulle hele wese saampraat en sy haar ervaring met soveel oorgawe met ander deel. Sonder pretensie. Dapper en beslis!

Koerania vier hierdie maand saam met verruklike vroue fees!

Dit bly vir Koerania 'n oogmerk om suksesstories, leefstories, pionierstories en selfs flaterstories met ons lesers te deel. Daardie stories wat andersins nooit vertel sou word nie. Onthou die woord dankie, en gebruik die woord asseblief, want nog niemand het daarvan omgekom nie. Wees 'n ambassadeur vir jou familienaam, vir jou waardes, vir jou dorp en vir jou geskiedenis.

Stuur gerus jou wenk vir 'n nuuswaardige storie na redakteur@koerania.co.za en vertel ons gerus wat jy graag nog sou wou lees? Ons verwelkom jou advertensie om hierdie blad lewendig te hou. Gaan kuier op ons webwerf by www.koerania.co.za om 'n intekenaar van die gedrukte weergawe van Koerania, slegs in Orania, te word.

Sit aan die ketel, ons is dors gekuier!

Dia van Staden







Lida Strydom - Burgemeester

# Orania, vlam van hoop

In 2007 publiseer Robert Putnam, 'n vooraanstaande politieke wetenskaplike en skrywer, uitgebreide navorsing oor die invloed van etniese verskeidenheid in gemeenskappe. Sy bevindings onthul dat etniese diversiteit komplekse en soms uitdagende gevolge op samehorigheid en gemeenskapsvertroue kan hê.

Ondermeer is hierdie gemeenskappe geneig om in hulleself te keer, minder interaksie te hê, minder aan gemeenskapsaktiwiteite deel te neem en minder vrywilligerswerk te doen. Sosiale kapitaal, of netwerke van verhoudings en vertroue wat die gemeenskap in staat stel om doeltreffend te funksioneer is gewoonlik laer in etnies diverse gemeenskappe met gevolglike laer vlakke van vertroue.

Roger Scruton, 'n konserwatiewe Britse filosoof, beaam Putnam se siening. Volgens hom is homogene gemeenskappe meer stabiel en met 'n groter samehorigheidsgevoel hoofsaaklik as gevolg van 'n gedeelde kultuur, waardes en geskiedenis. Hierdie gedeelde elemente bevorder 'n sterk gevoel van identiteit en tuiskoms onder lede van die gemeenskap, wat weer lei tot wedersydse vertroue en sosiale samewerking. Scruton het geglo dat wanneer mense binne 'n gemeenskap 'n gemeenskaplike begrip van sosiale norme, tradisies en morele waardes het, dit makliker word om sosiale orde te handhaaf en konflik op te los.

In 'n homogene gemeenskap skep die gedeelde identiteit 'n natuurlike band tussen lede, wat dit meer waarskynlik maak dat individue saamwerk na gemeenskaplike doelwitte en mekaar ondersteun in tye van nood. Die gevoel van solidariteit dra by tot die algehele stabiliteit en veerkragtigheid van die gemeenskap.

Scruton het ook aangevoer dat 'n gedeelde kulturele agtergrond die potensiaal verminder vir misverstande en konflikte wat kan ontstaan as gevolg van verskillende oortuigings of gebruike. Die kulturele samehang help om 'n meer voorspelbare en harmonieuse sosiale omgewing te skep wat die gemeenskap se stabiliteit en samehorigheid verder versterk.

Oor die afgelope twee jaar het 'n verskeidenheid van afgevaardigdes uit Europa en Amerika Orania besoek om Orania se model onder die vergrootglas te neem, veral omdat hulle al hoe meer uitdagings as gevolg van diversiteit beleef. Verskeie oorweeg om ons model vir hulle omstandighede aan te pas. Hierdie soekers na oplossings vind partypolitiek al hoe minder aantreklik. 'n Sweedse besoeker het aan die vooraand van sy vertrek uit Orania gesê dat hy weet dat die Swede mal geword het, maar nadat hy Orania besoek het, het hy besef dat hulle stapelgek geraak het. In Swede het hy geen gemeenskap met mense meer beleef nie.

Orania is so bitterklein, maar as ons biddend bly doen wat reg en regverdig is, word ons 'n vlam van hoop. Mag dit so wees.

Soli Deo Gloria!

# Hannelie Schwartz

## 'n Huldeblyk deur Sanri Stone

Waar begin 'n mens om 'n huldeblyk aan só 'n spesiale mens te skryf. Haar eerste woorde aan my toe ek haar vier jaar terug ontmoet het was "Hallo, ek is Hannelie, die maatskaplike werker en ek doen nie politiek nie". Dis presies soos sy was - op die man af, sonder fieterjasies en met 'n diep siel. So het ons vriendskap afgeskop - sommer so, sonder pretensie.

Hannelie is op 14 Augustus 1971 in Pretoria gebore en is Sondag, 4 Augustus 2024, na 'n motorongeluk vroeër daardie week, oorlede. Sy het matrikuleer aan die Hoërskool Montana in 1989, en het 'n Honneursgraad in Maatskaplike werk aan die Universiteit van Pretoria bekom. Ten tyde van haar afsterwe was sy besig met haar Meestersgraad.

Hannelie het een dogter, Juandri en het in Mei 2024 ouma geword van 'n pragtige baba dogtertjie, haar "Bolletjie blom".

Hannelie en Hardus is op 21 Maart 2009 getroud en sy het toe nog drie kinders by gekry. In Desember 2019 het sy en Hardus na Orania verhuis waar sy as Maatskaplike werker by Orania Helpmekaar gewerk het.

Sy het verskeie gemeenskapsprojekte geloods en was 'n steunpilaar tydens die Covid-19 grendeltydperk. Sy is later as Bestuurder van Orania Helpmekaar aangestel. Sy het dié instelling omgeswaai in 'n instelling wat hoop skep in 'n gebroke wêreld. 'n Groot mylpaal wat sy in Julie vanjaar bereik het was om Orania Helpmekaar as 'n Kinderbeskermingseenheid te laat registreer. Dit is nie 'n maklike taak nie en het meer as vier jaar geduur om te vermag.

Hannelie het 'n passie vir mense gehad en het altyd uit haar pad gegaan om weerloses te beskerm en om 'n plan te maak vir dié wat maatskaplike nood ervaar. Sy het soveel mense se lewens positief aangeraak. Sy was werklik 'n omgee mens met 'n hart van goud en jy kon altyd op haar staatmaak. Sy was ook 'n groot diereliefhebber en haar honde kinders het 'n baie groot deel van haar hart besit.



Hannelie Schwartz in 'n ligte luim saam met kollegas, Janca Pieterse en Bianca van der Linde tydens Orania Helpmekaar se damestee in 2023. Ansie Fourie, bekend as die Blikvrou, was die spreker vir die suksesvolle projek.

Sy het 'n unieke sin vir humor gehad en 'n aansteeklike lag wat almal om haar se dag opgehelder het - jy kon haar 'n myl vêr hoor. Waar Hannelie gegaan het, het sy mense geken en mense het haar geken. Haar vriendskappe was eg en sy het moeite gedoen om met elkeen in kontak te bly, maak nie saak hoe vêr sy van hulle gewoon het nie. Familie was vir haar 'n priotiteit en sy het 'n hegte verhouding met elkeen gehad.

Ons gaan Hannelie mis vir haar groot persoonlikheid, omgee hart en onbaatsugtige diens aan die Orania gemeenskap. Sy laat groot spore in ons dorp en in ons harte.

Laat ons terugkyk na Hannelie se lewe en mag dit 'n voorbeeld vir elkeen wees oor hoe om onbaatsugtig en met soveel omgee vir ander te lewe.

# Nog 'n tree nader aan kragonafhanklikheid


Op Woensdag 14 Augustus het Orania Taaldag gevier en dit word as 'n amptelike vakansiedag geag. Die gemeenskap is reeds vroeër per kennisgewing in kennis gestel dat die krag vanaf 08:00 tot 16:00 sou af wees om veilige netwerkkoppelings vir die langverwagte Orasolbattery te bewerkstellig.

Dit is toe dat Mauritz Meyer, hoof van die elektriese span, en kollega John Sutherland van vroeg tot laat behoorlik gespook het om die oorskakelingsmeganismes te koppel wat toevoer van die Orasolbattery en toevoer van Eskomkrag af na Orania se elektriese netwerk moontlik sal maak.

Die elektriese toevoer is uiteindelik eers teen ongeveer 18:30 aangeskakel en kon Oraniërs 'n rustige vakansiedag afsluit.

Volgens André van Heerden, Hoof van Ingenieursdienste, is hy baie trots op sy span wat binne beknopte ruimtes met toerusting moes werk wat hoë konsentrasie verg omdat elke bout, draad en kabel presies reg geboor, geplaas en vasgemaak moet word. "En dan moes hulle nog teen tyd ook werk," voeg hy by.

Later in Augustus sal 'n ingenieur van die geregistreerde verskaffer die werking van die Orasolbattery kom toets sodat dit gekoppel en aangeskakel kan word. Koerania sal sy lesers op hoogte van die vordering hou.



Links: Mauritz Meyer is besig om 'n breker te koppel wat toevoer tussen die battery, Eskomkrag en Orania se netwerk moontlik sal maak.

Foto's - Dia van Staden



Regs: John Sutherland doen noodsaaklike voorbereiding van die kabels sodat toekomstige risikofaktore uitgesluit kan word.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Die storie van my stompie

Dia van Staden - Redakteur

Abigail Ackermann begin die storie van haar lewe voor haar stompie by die feit dat haar ma haar op 5 jarige ouderdom reeds skooltoe gestuur het. "Ek was seker baie stout, want ek is onseker of ek emosioneel gereed was."

Abi matrikuleer aan die Hoërskool Lydenburg en moet uitspring om te gaan werk, want vir studies was daar nie geld nie. Haar ma was die hoofsuster by die hospitaal en verpleging was amper 'n logiese keuse. Sy was besig met haar derdejaar in verpleegkunde by Middelburg se hospitaal toe twee traumatiese ervarings haar die handdoek laat ingooi.

Sy en haar eerste man trou in 1986 en sy besluit om in Witbank by 'n kettingwinkel as krediteureklerk te gaan werk. Dié blootstelling gee haar die moed om by 'n juwelierswinkel as verkoopsdame te begin, maar sy word uiteindelik 'n areabestuurder terwyl sy haar graad aan Unisa in Besigheidsbestuur voltooi het. "Drie kinders en 'n egskeiding later word ek by die hoofkantoor van die juwelierswinkel in Johannesburg aangestel," verduidelik sy. Enkelma met drie kinders wat aktief is, is nie noodwendig 'n maklike balanseer van pligte nie.

Haar ouers besef dat dit sal help as sy in 'n meer ondersteunende omgewing is en stel voor dat sy Polokwane toe verhuis, waar hulle ook gewoon het. Sy kry in 2000 haar vinger op die pols van 'n besigheid wat in spysenering spesialiseer en waar sy naweke tyd aan haar kinders kon spandeer.

Sy trou in 2003, maar dit werk nie uit nie, want haar kinders moes koshuis toe gaan en dit was nie vir haar aanvaarbaar nie. "Ek het my werk as verteenwoordiger geweldig geniet. Dit het my staande gehou."

Op 14 Februarie 2006, net buite Polokwane, kry die bestuurder van 'n motor nie sy draai nie, en hy ry in Abi se voertuig vas. Twee van haar seuns was saam met haar in die 1400 bakkie. Louwtjie het agterop die bakkie gesit en is afgeslinger. Herman het snye opgedoen as gevolg van die voorruit se glas wat hom getref het. "Die bakkie se enjin het op my linkerbeen beland."

Dit is waar die nagmerrie begin. "Ek het twee dae na die ongeluk eers in die intensiewesorg van Medi Kliniek in Polokwane wakker geword. Dokter van Zyl het haar meegedeel dat dit die lelikste vergruising van 'n been was wat hy ooit gesien het. Van die linkerfemur was 5cm



Abigail Ackermann is 'n dapper weduwee wat haar rolstoel haar beste vriend gemaak het. Sy beweeg baie flink in en uit die stoel. Orania is ongelukkig nie baie rolstoelvriendelik wanneer dit by inkopies kom nie, en sy moet vindingryk wees om by winkels in en uit te kan kom.

Foto Dia van Staden

vergruis, sowel as die knie. Daar is 'n plaat met 10 skroewe ingesit, want ek het aangedring daarop dat ek moet terug werk toe omdat ek nie kon bekostig om my werk te verloor nie."

Na 14 dae in die hospitaal en nog twee weke tuis het sy in die oggende begin werk en kliënte telefonies begin diens. Die skroewe het losgetrek en is met vlekvrye staalpenne deur die knie vervang, met gips van heup tot tone. Twee maande later kon Abi die pyn nie meer hanteer nie. 'n Pen het dwarsdeur haar vel gedruk. Selfs 'n tweede opinie in Pretoria stuur haar terug Polokwane toe om die proses te voltooi.

Die volgende operasie was om saamgepeserste beenblokkies van Amerika af in te voer en by die knie in te plant. Hier begin sy moedeloos raak toe sy haar werk, waarvoor sy baie lief was, verloor. Haar eggenoot sien toe nie kans vir dié meulsteen om sy nek nie en verlaat haar en een van die drie seuns wat nog skoolgaande was.

Sy begin 'n nuwe lewe in Belfast waar haar suster Nicky woon. Die uiterste koue kon verdryf word omdat die gemeenskap vir haar so goed was. Sy het die mooiste kosmandjie op 'n ou stootkarretjie gemaak en het begin kos maak vir 'n inkomste. 'n Vlytige vrou het vroegoggend met die stootkarretjie geloop om die verkope te hanteer, terwyl Abi weer voorbereidings getref het vir die volgende dag se kos.

Intussen is daar geen einde aan die operasies op haar been nie. "Aangesien ek geen onderhoud gekry het nie, het ek by die Here gepleit dat ek net genoeg inkomste moes kry om alle uitgawes te betaal."

Die beenblokkies uit die VSA wou nie werk nie en haar liggaam verwerp die kalfsbeen wat ingeplant was. Sy tree met haar kurk uit die stort uit en val sleg op die beseerde been.

Die tiende operasie eis 'n fiksator met penne wat in die been ingaan wat jy self daagliks moes stel om beendigtheid te bevorder sodat dit kon groei. Na ses maande was daar steeds geen beengroei nie. Die dokter hou vir haar 'n laaste opsie voor en sy gryp die geleentheid aan om haar vergruisde femur te laat verwyder en die knie te vervang. Sy was egter met 'n fiksator gestrand en kon nie beweeg nie. Sy vertel dat sy op pynpille geleef het. "My liggaam hou nie van narkose nie, maar die Here het steeds vir my gesorg," deel sy.

Sy neem op 4 April 2009 'n uiters moeilike besluit om te laat amputeer. "Die Here het vir my reëndae in Belfast gestuur sodat ek pannekoek kon bak en byna nie kon voorbly nie. Ek kon steeds elke maand betaal wat ek moes betaal."

Toe word dit tyd vir 'n been. "Ek kon nooit met die prostese loop nie. Ek moes R74 000 vir my eerste been betaal wat nie gewerk het nie. Ek het die dokter by die mediese raad vir nalatigheid aangegee. Hy het nooit gepoog om 'n gepaste been te maak nie." Februarie 2010 het die derdeparty-eis uitbetaal.

Na nog pogings kry sy die naam van 'n dokter in Somerset-Wes wat met groot sukses vir haar 'n prostese gemaak het. Die prostese het 'n knie gehad, maar dit het beweging bemoeilik en Abi het gereeld geval. Die been het 'n silikoon stompkous wat oor die stompie pas, maar sy het sere van die geskuur gekry. Ek is nou in 'n gemaksone met 'n stoel. Daar is min wat ek nie kan doen met my stoel nie. "Ek is met Paul Ackermann getroud terwyl ek die vals been gehad het, maar dit is 'n mooi verhaal vir 'n ander dag."

Sy doen graag wateroefeninge, het die vloer van haar huis geteël terwyl sy en Paul verbeteringe aangebring het. "Daar is nog baie werk, maar noudat Paul weg is, is dit moeilik om alles self te doen."

Paul is onlangs oorlede en Abigail stry die stryd moedig voort!

# 'n Pelgrimstog wat diep spore op jou hart lê

Die Santiago Camino word oor 'n afstand van 779km gestap, gedraf of met 'n fiets gery. Op 16 Mei trek René Bredenkamp (60) en haar jarelange vriendin Thamara Erasmus (67) uit Saint Jean Pied de Port weg om op 20 Junie in Santiago te eindig.

René en Thamara het in 2023 dieselfde tog aangepak, maar het met baie meer inligting en elkeen 'n spesifieke doel die tweede tog beplan. "Ek het 'n klomp emosionele bagasie gehad wat ek moes uitsorteer. Ons werk en werk net en dan ly introspeksie daaronder." René is 'n fisioterapeut en woon op 'n plaas naby Vanderkloof.

Die kamerade het tot in Parys gevlieg en die trein na St Jean geneem om die eerste nag daar te oornag. Hul het 'n halwe dag gestap en die boekie met hope inligting oor afstande, besienswaardighede, eetplekke en akkommodasie, wat elke stapper langs die pad benodig, weer handig gevind.

Aangesien hulle so bietjie vlugvoos was en hulle sakke nog nie lekker gemaklik gesit het nie, het hulle die lang tafel met 'n pelgrimsete van hoender, vis en vark met skyfies baie geniet. Die voorgeregte wat op meeste plekke bedien word is hoofsaaklik sop en soms is daar slaai en 'n glas wyn ingesluit. "Hulle lensiesop is meesterlik. Dit smelt in jou mond," vertel René met 'n glimlag. Vir nagereg is roomys of jellie en beskuitjies gewoonlik 'n hoogtepunt. Daar was 52 stappers by dié langtafel in Orison wat elkeen hulself aan die groep voorgestel het. Dié dorp bestaan uit twee geboue.

Sy beskryf dat die eerste derde van die roete swaar is op 'n mens se lyf. 'n Mens se voete en jou rug word moeg. Die tweede derde begin emosionele bagasie loswikkel. Sy vertel dat dit nie beplan word nie, maar 'n outomatiese gevolg is.

Dit is tydens die laaste derde van die tog wat die lewe mooi word, want jy besef dat jy meestal 'n berg van 'n molshoop maak. "Dit was vir my lyf belangrik om deur die prosesse te gaan sodat 'n kosbare ontdekkingstog kon plaasvind," sê René.

By die meeste slaapplekke was internetdienste beskikbaar, want hulle het slegs op Whatsapp en e-posse gewerk sodat hulle nie heeldag hul fone dophou nie. Dié twee dames het nie vreeslik geoefen voor hulle die tog aangepak het nie, maar ten minste was hul vir 'n tweede rondte beter ingelig oor wat om te verwag.

René vertel dat die ongelooflike natuurskoon, eeue oue katedrale en blommeprag jou soms verwonderd laat staan. Sy sal nie 'n solo stap aanbeveel nie, veral aangesien daar soms uitdagende terreine is, soos die haaitande van die Pyrenese berge, waar 'n maat baie handig is vir bemoediging of fisiese ondersteuning. Dit is ook hier waar twee stapstokke die kanse vir val skraler maak.

Hulle wou nie gebonde wees aan spesifieke plekke waar hul moet stop of oornag nie en het dus soms goeie dae gehad waar hul genoeg kilometers kon inpas en ander dae was korter roetes goed vir die lyf en die gemoed. Blykbaar is al die Caminos met geel pyltjie gemerk, en dit maak die stap byna soomloos.

Jy kan gedeeltes van die roete taxi ry of vlieg, wat dit duurder maak. Om jou sertifikaat te kry dat jy die tog suksesvol voltooi het, word jy verplig om sekere plekke te stap. Osobrero is baie hoog en ons het daar van 'n taxi gebruik gemaak. Daar is 'n massiewe bronsbeeld van 'n pelgrim op die hoogste punt. "Sy tone is deur pelgrims vol pleisters geplak," lag sy. Hulle het 'n dag af geneem om 'n museum te besoek wat eeue se geskiedenis uitbeeld.

"Wanneer jy moeg word of die terrein uitdagend is, en selfs wanneer jy in 'n herberg 'n dun ongemaklike matrassie kry, moet jy die lag in alles sien." Hulle het reën, hael en donderstorms trotseer, want jy moet by 'n plek uitkom waar jy kan slaap. "Elke lyfseer word oorwin met die mooi blomme, natuurskoon of 'n eekoring wat uit jou hand uit kom eet."

"Sommige mense begin die tog as toeriste en eindig dit as pelgrims. Die Camino laat jou eienskappe van jouself ontdek wat nie baie ander plekke of aktiwiteite sal doen nie. Ek beveel dit vir enige persoon aan wat die verlede wil begrawe of wat 'n nuwe weergawe van hulself wil ontdek."

**Die belangrike lys wat vooraf gemaak moet word:**

**Rugsak:** 'n 36 – 40L grootte sak is voldoende, maar 'n lugredery se voorskrifte vir handbagasie help baie. Jy wil nie vir 'n staptog arriveer sonder jou toerusting nie. Die 3L ingeboude watersak wat deel vorm van jou sak is baie voordelig. Onderaan die sak beveel ek 'n waterdigte bedekking vir wanneer dit reën – sommer gou byderhand vir wanneer die weer onguur raak en jy veral jou sak en die inhoud daarvan wil beskerm. Pak al jou goed so georganiseerd as moontlik in selfsluit plastieksakkies.

Kry 'n sak met 'n band om jou heupe, want dit voorkom seer skouerspiere en laat toe dat jou heupe die sak se gewig help dra.

**Klere:** Twee langbroeke, een byna soos 'n fietsrybroek en 'n sagte rekbare driekwartbroek, twee gemaklike t-hemde. 'n Baadjie wat 'n wollerige tekstuur het vir wanneer dit koud is. Haar verebaadjie sonder moue was baie handig.

**Slaapsak:** Sy het 'n vereslaapsak gekry wat slegs 750g weeg en heerlik warm is. 'n Opblaas kussing en 'n gewone vleeskombersie was baie handig vir ekstra koue dae.


**Skoene:** Sy beveel 'n wye toonboks aan sodat tone nie teen mekaar druk nie. Dit voorkom blou toonnaels en blase. Gebruik elke aand 'n salf wat jou voete se vel soepel en sag hou. 'n Houertjie macurocrome, pleisters, watte, naald en garing (vir moontlike blase) moet jy maar inpak.

'n Breërandhoed is belangrik en help selfs vir wanneer dit reën. Vier paar kouse wat dik en warm en nuut is sal jy met dankbaarheid aantrek. Genoeg onderklere wat jy vir elke dag kan uitspoel. Tuimeldroeërs en wasmasjiene se gebruik is duur en dit help soms om met medestappers die kostes vir die gebruik van masjiene te deel. Sy voel dat 'n haardroeër sinnelose gewig is.

**Linne:** Dit is die moeite werd om te belê in 'n groot staphanddoek wat lig is en vinnig droog word. Neem 'n waslap saam. Die storte is baie klein en beweging word beslis beperk. Sorg vir 'n waterdigte stortsak wat aan 'n haak kan hang, sodat jy dit saam met jou in die stort kan neem. Jou eie hakke is ook handig, want nie alle stortgeriewe het nie. Binne die klein stort moet jy afdroog en jou klere aantrek. Dit is nogal 'n spasieuitdaging.

**Toiletware:** Daar is op elke roete aanvullings beskikbaar en jy hoef dus nie die grootste items te neem nie. Gooi 'n wasmiddel vir jou hele lyf in 2 klein weggooibotteltjies. Lyfsalf kan in dubbele weggooibare selfsluitsakkies gesit word. Onthou 'n sonskerm!

Foto Verskaf



René Bredenkamp het haar eindbestemming op 20 Junie 2024 in Santiago bereik. Dié staptog het haar herinner om dankbaar te wees.

Gemeenskapsnuus
KOERANIA
Augustus, 2024 Bladsy 4 Volume 01 / Uitgawe Nr. 09


# KultuurKuier bring fyn kuns en kreatiewe kuiers na vore

Die eerste KultuurKuier is van 1 tot 3 Augustus in Orania aangebied. Dit is ‘n bedrywige wintermaand en die groot verskeidenheid aktiwiteite wat aangebied was kon elke voorkeur aanspreek.

## WOORDE EN WYSIES

Dana Snyman en Stef Kruger het as ‘n duo ‘n kragtoer van teks en liriek gelewer. Die gehoor praat van emosies wat deur die aanbieding aanhoudend gewipplank het. Lag met ‘n traan word altyd as ‘n dinamiese samevoeging aangevoer, en hier was dit nie ‘n uitsondering nie.

Nita Cronjé, vriendin van Dana Snyman, noem dat dié samevoeging van twee sulke woordkunstenaars haar hartsnare geroer het en tot ‘n kragvertoning aanleiding gegee het.





## BOEKBESPREKING: EIE RIGTING

Die pennevrug van Willie Spies wat oor etlike maande in Beeld verskyn het, is nou in boekvorm en leen hom as ‘n bron van inligting, intellek en die meerderheid van die artikels kan tot kleurvolle debat lei.

Die Orania Ontwikkelingsmaatskappy het die boekbespreking, wat by die Oewer Restaurant aangebied is, geborg. Die gehoor het positiewe insette en kommentaar na afloop van die gesprek, wat deur James Kemp, nuut aangestelde Stasiebestuurder van PretoriaFM, gefasiliteer is.

Daar is nog heerlik na afloop van die bespreking om boeke en sinvolle gesprekke gekuier.





## AKTUELE SAKEGESPREK

Die Orania Sakekamer het bystand verleen met die uitnodigings aan hul lede om hierdie baie aktuele onderwerp, Belabeleid – ‘n affêre, te kom aanhoor. Dr Jaco Deacon van FEDSAS en Willie Spies, prokureur, het die gesprek onder leiding van James Kemp gevoer.

Daar is vrae uit die gehoor beantwoord. Die opname van die aanbieding kan vir nog ‘n paar dae op die Koerania Facebookblad geluister word. Die Orania Beweging het die stroming van die gesprek moontlik gemaak.





## ORANIA SKOUSPEL HUISKONSERT

Die formaat van die Orania Skouspel was vanjaar as ‘n huiskonsert by die hoewe van Riaan en Marcel Jacobs aangebied. Deelnemers het weke lank geoefen en gepoog om elke griepkiem teë te werk. Nie almal was suksesvol nie, maar entoesiasme en talent is ‘n lieflike samesmelting wat elke okkasie tot vlakke van sukses kan ophelder.

Dia van Staden, redakteur van Koerania en die Okkasie Hasie het in 2023 dié projek begin. “Ek begeer om die wonderlike talent van ons dorp na ‘n breër gehoor te neem, sodat ander Afrikaners kan deel in die kreatiewe waarde van ons dorp se mense,” sê Dia.

Die kwaliteit van die items wat deur individue, duo’s en groepe aangebied is, word wyd gerespekteer en aangemoedig. Riaan Grobler, skrywer, sanger en omroeper by PretoriaFM het self opgetree en saam met Dia die program gelei.

Die briljante deelnemers was Marcel Jacobs, Anita Schutte, Emma de Villiers, Lana Jacobs, Alta Botes, Sumari de Wet, Abigail Bain, Stansia Rens, Esmien Kruger, Jaco Mulder, James Kemp en Frans de Klerk. Die kwartet het bestaan uit Anneli de Villiers, Anje Boshoff, Annemarie van der Merwe, Stansia Rens en Cornelia Holm.

Die Karoo Klanke en Klingels Musiekskool het vir heerlike sop en broodjies gesorg en Theunie Kruger het gesorg dat die klanke oral perfek klink.















## BOEKE EN BREDIES

‘n Gesellige groep boekliefhebbers het by die Kantien ontmoet om die informele gesprek wat James Kemp en Dia van Staden met die skrywers gevoer het, aan te hoor. Dana Snyman, Stef Kruger, Willie Spies en Riaan Grobler het flink op ‘n lekker verskeidenheid vrae gereageer en die waarderende gehoor kon elkeen effens beter leer ken.

Lida Strydom en Dia van Staden het elk twee voorlesings uit Eie Rigting gedoen. Daar is boeke verkoop, geteken en bredie geniet terwyl almal die saamkuier geniet het.







# Vanuit die gehoor

Deur - Zelda en Hans van Staden

## DANA SE WOORDE EN STEF SE WYSIES WIKKEL EMOSIES LOS

Die atmosfeer op die verhoog was eenvoudig betowerend, met die ou riempiesbank wat die gevoel van ‘n gesellige kuier saam met ou vriende op ‘n plaashuis se stoep geskep het.

Dana Snyman en Stef Kruger het hierdie atmosfeer laat lewe kry. Een deur sy grootword staaltjies met humor en nostalgie en die ander deur sy eksentrieke persoonlikheid en hande wat ‘n kitaar kan laat praat.

Stef Kruger is ‘n interessante karakter wat met sy lirieke en meesterlike kitaarspel bekoor. Sy staaltjies, “wat hy natuurlik as waar voorhou”, tesame met sy liedjies se dieper lirieke was ‘n mengsel van humor en diepte wat die aand ‘n spesiale tint gegee het.

Hy is ‘n veelsydige kunstenaar wat nie net lirieke skryf en toonset nie maar het ook ‘n paar skilderye en handgemaakte juwele saamgebring. Sy veelsydigheid en unieke styl het ‘n indruk gemaak, en alhoewel moderne kuns nie altyd my persoonlike voorkeur is nie, kon ek nie anders as om Stef Kruger se eksentrieke benadering te waardeer nie.

Dana Snyman se stories het my op ‘n tydreis na die verlede meegesleur, met ‘n mengsel van humor en onthou. Sy staaltjies uit sy grootwordjare het herinner aan my eie grootwordjare in ‘n klein gemeenskap waar almal alles van almal weet.

Sy stories het soms ‘n bietjie verlange na die verlede en ander kere ‘n herinnering aan dinge wat jy dalk eerder sou wou vergeet, ingehou. Sy vermoë om ‘n storie met humor en deernis te vertel het die gehoor laat glimlag en meeleef.

Saam het Dana Snyman en Stef Kruger ‘n vertoning gebied vol herinneringe, emosie en betowering, wat vir almal wat teenwoordig was, ‘n onvergeetlike ervaring gelewer het.

Definitief ‘n aand wat positief bygedra het tot Orania se kultuurgemeenskap!



# Martins se storie bring steeds lig

Helen Elizabeth Martins staan as die Uilvrou van Nieu-Bethesda bekend. Sy is op 23 Desember 1897 in Nieu-Bethesda gebore en was een van ses kinders. Na haar studies en 'n mislukte huwelik het sy na die dorpie teruggekeer om haar verswakte ouers te versorg. Na albei haar ouers se dood het sy daar aangebly en al meer van die samelewing onttrek.

Danksy die "lig" wat sy daar met glas geskep het is dié dorpie deesdae 'n gesogte toerisme aantreklikheid. Roelien de Klerk het die teks met deernis geskryf en haar vernuf weereens getoon.

Alhoewel Helen Martins 'n donker verlede gehad het, het sy steeds lig vir haar mense gebring. Helen het 'n obsessie ontwikkel, maar beslis 'n monument nagelaat wat herdenk kan word.

Christelle de Villiers het tematiese klavierspel tussen tonele verskaf. 'n Pragtige weergawe van die lied, Sonvanger, is as afsluiting van 'n toneel deur die Karoo Klanke en Klingels sanggroep gesing, terwyl sy hul begelei het.

Die produksie is op 9 Augustus by Huppelkind Dagsorgsentrum se saal aangebied. Esna de Beer het in die produksie haar rol as Helen met onderskeiding vertolk, dr Phillip Nothnagel het die rol van die pastoor vervul en Pieter Dirker was die handlanger, beter bekend as Koos Malgas.

Huppelkind Dagsorgsentrum het dié aand met trots aangebied en sal die fondse vir die verdere ontwikkeling van die sentrum aanwend.

Foto - Magdaleen Kleynhans


Esna de Beer as Helen Martins, die Uilvrou van Nieu-Bethesda.

## Taalweek ontgin ou en nuwe talent

TAALtoffieTAALweek word vanaf 12 tot 17 Augustus aangebied. Daar is elke dag ander aktiwiteite aangebied wat met verskillende smake resoneer.

Daar is met 'n kunsuitstalling afgeskop waarna 'n liedjiesaand, gemeenskapskonsert, middagetelesing oor taal, speletjiesaand, kortfilmfees en verhoogstuk gevolg het. Oud en jonk kon hulself uitleef in die opsies wat deur die Orania Kunsteraad (oKeR) beplan is.

Koerania sal in Septembermaand se uitgawe meer van hierdie opwinding deel.


'n Aand in die lewe van Cornelia Holm het 'n voorsmakie gegee op 'n biografie van haar wat deur Esna de Beer geskryf word.


Die Middagetelesing is deur dr Wikus Buys aangebied. Sy tema op Taaldag was: As 'n volk sy woorde tel – die invloed van woordeskat op vryheidsdenke.





Promosie

## Duitse LP se eerste besoek aan SA lei hom na die Voortrekkermonument

Die Duitse parlementslid, Nils Schmid, het vandeesweek vir die eerste keer voet aan wal gesit in Suid-Afrika en sy eerste besienswaardigheid wat hy graag wou besoek, was die ikoniese baken van hoop – die Voortrekkermonument (VTM).

Schmid is vergesel deur Nicole Harms, kultuurbeampte van die Duitse Ambassade aan Suid-Afrika, en Franziska Kock, die beleidsadviseur, tydens sy besoek vandag (6 Augustus).

Harms sê dit was baie interessant om die VTM te kon besoek en hier te sien hoe kultuur ontwikkel het.

"Dit is werklik 'n belewenis om hier te wees en die verhaal van die Voortrekkers te kan hoor – van hoe hulle getrek het en opgebou het tot vandag," sê Harms.

Kock, 'n LP van die Duitse Sosiale Demokratiese Party, sê hy was verstom oor die grootsheid van die Voortrekkermonument én inspireer deur die diverse geskiedenis van Suid-Afrika.

"Mens besef nie altyd hoe groot Suid-Afrika werklik is nie en hier by die monument het die storie van die Suid-Afrikaanse kultuur net meer lewe gekry."

"Dit was werklik interessant om hier meer te kon leer oor die geskiedenis van die land," sê Schmid.

Christiaan Jordaan, toerismebestuurder by die VTM, sê dié besoek herbevestig dat die Voortrekkermonument werklik 'n wêreldklasmonument is en een van die bestes in die land.

"Oor die afgelope paar jaar is ons geseënd om te sien hoe internasionale toeriste terugkeer na die VTM en dit is vir ons veral verblydend om te sien hoeveel hooggeplaaste afvaardigings uit ander lande hiér kom besoek aflê. Bykans 22 000 internasionale besoekers het tussen Januarie en Julie vanjaar besoek kom aflê by die Voortrekkermonument. Dit is 'n bewys waarom die monument, selfs op internasionale vlak gesien word as een van die toonaangewende toeristebestemmings in die land," sê Jordaan.

Koch het op haar beurt afgesluit en haar dank uitgespreek oor hoe gasvry hulle by die monument ontvang is.





Promosie

## FAK verwelkom Cara Tomlinson as nuwe kultuurkoördineerder vir Noord-Kaap

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) se voetspore lê diep in die grond van Suid-Afrika en nou loop dié spoor nog weier tot in die Noord-Kaap.

Die FAK het vanjaar 'n nuwe kultuurnetwerktak in Orania gestig met die energieke jong Cara Tomlinson aan die stuur van sake. Die FAK is opgewonde om Tomlinson te verwelkom as die kultuurkoördineerder vir die Noord-Kaap-streek.

Die 24-jarige Tomlinson, oorspronklik uit die Paarl, is al vir jare aktief betrokke by die doen en late van Orania se gemeenskap, na sy in 2014 daarheen verhuis het om haar hoërskoolopleiding te voltooi.

Sy het haar akademiese strewes aan die Noordwes-Universiteit bevorder en 'n BA-graad in Kommunikasie en 'n NGOS-kwalifikasie verwerf. Met haar uitgebreide agtergrond en passie vir taal en kultuur is sy uitgeknip om hierdie nuwe inisiatief te lei.

Tomlinson kan nie wag om aan die werk te spring nie. "Ek is baie lief vir mense, my taal en my kultuur, en ek geniet dit baie om mense bymekaar te bring en netwerke te bou."

"Toe ek van hierdie pos hoor, het ek besef dat ek uitgeknip is daarvoor en ek is opgewonde oor die geleentheid om kulturele bewustheid in Orania te kweek," sê Tomlinson.



Tomlinson se verbintenis met haar erfenis loop diep. Sy verwys liefdevol na haar kinderjare; gevul met volksliedjies, FAK-musiek en haar voortdurende belangstelling in die Afrikaner se geskiedenis, insluitend die Groot Trek.

Haar liefde vir Afrikaans en die rol daarvan in haar identiteit is duidelik. "'n Mens se identiteit word grootliks gebou deur jou geloof, taal, kultuur, en die omgewing waarin elkeen van ons geplaas is. As jong Afrikaner leef ek elke dag met passie, en dit is iets wat my identiteit definieer. Afrikaans is die taal waarin ek droom, dink en doen."

Tomlinson se nuwe rol by die FAK spring met 'n vol kulturele kalender in Orania af wat verskeie feeste en aktiwiteite soos die komende Orania-karnaval, Erfenisdag in September, Heldedag in Oktober en Geloftedag in Desember insluit.

Sy vertel dat sy gretig is om by te dra tot hierdie geleenthede en meer. "Daar is baie opwindende dinge wat in Orania voorlê en ek sien daarna uit om deel daarvan te wees. Die mense hier verstaan dat die behoud en uitbreiding van ons kultuur noodsaaklik is en dit is wonderlik om daardie toewyding te sien."

Terwyl Tomlinson haar rol as kultuurkoördineerder inneem, is sy toegewyd daaraan om saam met die FAK Orania se ryk kulturele erfenis te bou en te bewaar. Haar rol sal deurslaggewend wees in die bevordering van 'n dieper kulturele verbintenis binne die Orania-gemeenskap.

Barry Müller, hoof van nasionale projekte by die FAK, sê hy is opgewonde dat dié organisasie ook nou in Orania kan vlamvat. "Ons (die FAK) is baie opgewonde om te sien wat Cara kan vermag in die Noord-Kaap. Na die stigting van die FAK-jeug in 2023 het ons al hoe meer jong mense ontmoet wat die 'kultuurfakkel' wil opneem en die lig van hoop die toekoms indra, en sý is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

"Daar is soveel potensiaal in die Noord-Kaap en ons is werklik opgewonde om te sien hoe sy die FAK daar kan laat vlamvat," sê Müller.

# Vrouemaand 2024

## Wat sou jy vir jou tiener-self wou sê?
## Orania se vroue gesels saam…



### Christa Bredenhann

Reis deur die wêreld voordat jy 20 is.
Koop eiendom in Orania
(want toe was dit nog goedkoop).
Hardloop 'n marathon en hou aan oefen.



### Ria Maritz

Maak nie saak hoe moeilik dinge lyk nie, jy het die krag om deur alles te kom. Moet nie toelaat dat die mening van ander jou selfbeeld bepaal nie; jy is waardevol net soos jy is. Leer om jouself te omhels en om te groei uit jou ervarings, want dit sal jou help om 'n sterker en meer selfversekerde persoon te word.

### Helena Erasmus

Die opwindende pad is meestal nie glad geteer nie. Skryf die goeie en slegte tye neer sodat jy dit onthou en daaruit kan leer. Hou altyd aan om nuwe uitdagings aan te pak.

**HIERDIE VROUE, STERK EN STIL,**
**MET HANDE WAT BOU EN HARTE WAT WIL,**
**HULLE DRA DIE LAS, MET KRAG EN EER,**
**ELKE DAG 'N STRYD, MAAR NOOIT 'N KEER.**

**HULLE WERK MET LIEFDE, SONDER KLA,**
**EN LAAT DIE WÊRELD BLINK EN KLAAR,**
**VROUE WAT SKEP, WAT NOOIT VERDWYN,**
**HUL DROME DIEP, HUL MOED SO REIN.**

**VIR ELKE VROU WAT SWOEG EN STRY,**
**JY IS DIE LIG, JY IS DIE BLY,**
**MET ELKE TREE WAT JY VOORUIT GAAN,**
**BOU JY 'N WÊRELD, MET JOU EIE PLAN.**



### Marcel Jacobs

*"Don't sweat the small stuff"*...dit voel nou soos die einde van die wêreld, maar ek belowe jou, dit is nie!

Dink vir jouself... moenie net alles vir soetkoek opeet wat mense vir jou sê nie.

Prestasie op skool tel byna niks in die grootmenswêreld nie. Werk hard, maar fokus ook op die belangrike dinge in die lewe. Lees boeke wat jou as mens laat groei, doen aanlynkursusse wat jou voorberei vir die lewe en spandeer kwaliteit tyd saam die mense vir wie jy lief is.



### Elmarie Lambrechts

Oefen meer, eet minder en stel jouself bloot aan minder tegnologie



### Sumari Prinsloo

Die lewe is nie 'n gegiete vorm wat jy bestel soos jy hom wil hê nie - hy loop sy eie draaie. Waardeer die klein goedjies in die lewe en lag baie meer.



### Yolanda Nel

Die wêreld is nie teen jou...Leef elke dag voluit, jou oog gevestig op jou Hemelse Vader! So bepaal jy jou eie sielsvrede.



### Nikke Basson

Nou is 'n goeie tyd om aan jou besigheid te begin werk en 'n skaaphond te kry! Waardeer al die skoolvakansies, want mens kry nie gou weer net soveel sorgelose afdae nie!



### Elmarie van Dalen

Hierdie wêreld om my is 'n uitdaging, ek het keuses om te maak en net myself verantwoordelik te hou daarvoor.



### Marcel Badenhorst

Laat gaan alles wat nie ewigheidswaarde het nie. En... Jy is defnitief nie vet nie, geniet klerekoop terwyl jy dun en min is



### Lilize J van Rensburg

VIR MYSELF sou ek maan om nie aan die wêreld gelykvormig te wees nie maar om my eie hart, denke en drome te volg. Ek sou myself waarsku om my hart ten alle koste te bewaar!.

Die pad van die lewe is harde werk maar vol genietinge, laat jouself bedwelm met ware liefde en vriendskappe wanneer dit jou omhels!

Behou 24/7 die ontsag vir ons Vader. Wees lief vir jou ouers, gesin en mense na aan jou hart, onvoorwaardelik! Vermy onverstandiges, geldgieriges, geslepenes en ongelowiges. En ou mans, want hul het 'maniertjies'.



### Marlene Joubert

Om te luister vir jou ouers WANT wysheid kom met grysheid. Moenie drome uitstel tot eendag nie, elke dag is spesiaal LEEF EN BELEEF dit en reik uit na jou droom. Wandel in jou eie voetspore, nie iemand anders s'n nie.



### Estelle Naude

Jy is nie vet nie, regtig... Wees gawer met gestremde mense. Sing ou Stella, sing!!!



### Helen Nieuwoudt

Geluk is nie aardse goed of mense nie. Geluk lê binne jouself. Moenie jouself verloor deur te wil inpas in die wêreld nie. Ons is gemaak om uit te staan.



### Marli de Lange

Die enigste kans wat jy het om te misluk is wanneer jy opgee, moet dus nie bang wees om kanse te vat, nuwe dinge te probeer of wéér te probeer nie. Om foute te maak is deel van die proses om iets merkwaardig te skep.

Klein konstante stappies in die regte rigting is meer waardevol as die spoed waarteen jy beweeg.

Hou op tyd mors om dinge te probeer verander wat buite jou beheer is. Fokus op dit wat jy kan verander - jou eie gedagtes, aksies en reaksies en vertrou dat die Here vir die res sal sorg.

# Eugene de Kock gaan self skryf

Dia van Staden - Redakteur

'n Paar weke gelede skryf Dana Snyman in Rapport oor sy gesprekke met Eugene de Kock. Dit bring herinneringe terug na 24 Augustus 2016 toe ek self die voorreg gehad het om saam met die berugte, maar wyd gerespekteerde lang man oor 'n koppie koffie te gesels.

Eugene het saam met Anemari Jansen, die skrywer van Sluipmoordenaar van die staat, wat in 2015 verskyn het, by Café 41 in Groenkloof op my en 'n vriendin gewag. Hy wou my bedank vir die feit dat ek bereid was om hom na die BoekeJol en FilmRolfees in Pretoria as deelnemer aan 'n gesprek, te nooi. Nadat die advertensie vir die gesprek verskyn het, het die parooloffisier my egter geskakel om te sê dat Eugene glad nie toegelaat word om in die publiek op te tree nie, ensovoorts.

Na 'n gesprek met Eugene en Anemari is daar besluit om hom as deelnemer te onttrek, maar hy was steeds dankbaar vir die gebaar. Die ongeveer twee ure in sy geselskap was 'n ervaring wat my altyd sal bybly.

'n Paar mans het hom daar, waar ons op die restaurant se stoeparea gesit het, met groot respek genader en sy blad kom skud of selfs gesalueer. Wanneer hul weggestap het kon hy die naam en van, rang en magsnommer van elke man opnoem. Hy het getoon dat hy 'n merkwaardige geheue het. Hy het vertel dat hy goeie koffie gemis het.

Meer nog was dit sy nederigheid wat jou opgeval het. Hy het elke vraag geduldig beantwoord en 'n paar staaltjies van sy jare in die tronk gedeel. Niks daarvan was humoristies of vrolik nie, maar het die karakter van man met 'n uiters sterk mentaliteit weerspieël.

Ek het die artikel van Dana met belangstelling gelees en opgewonde gemerk dat sy verswakte oë, wat vir hom in 2016 'n baie groot bekommernis was, geopereer is en dat hy weer kan lees – een van sy baie groot liefdes.

Ek sien uit na 'n volgende koffie en na die feit dat hy nou self sy storie gaan vertel. Dit is tyd!

Lees gerus Dana se skrywe op sy Facebookblad.



Dia van Staden en Eugene de Kock het minder as 'n jaar nadat hy op parool vrygelaat is 'n gesellige gesprek oor 'n koppie koffie geniet.









# BKO

BO-KAROO OPLEIDING

# STUDIEAANSOEKE IS OOP

Kom studeer op die kampus sonder mure en bou aan 'n *hoopvolle toekoms!*

---

Elektries || Loodgieter || Boerderybestuur

Tuisversorging || Tuissorgassistent

Bou- en Siviele Konstruksie

Vroeë Kinderontwikkeling

---

HOU ONS SOSIALE MEDIA DOP VIR DIE BEKENDSTELLING VAN NOG 'N NUWE KWALIFIKASIE.

**DOEN AANSOEK BY BKO.CO.ZA**

053 110 0620 | 061 768 1852 | ontvangs@bko.co.za



# Moederskap: Carien en Gerhard plaas God eerste

Dia van Staden - Redakteur

Die voorbereiding vir 'n eersteling was deel van Carien en Gehard Strauss se huweliksplan toe hul op 30 Maart 2023 in die eg verbind is.

Carien wou nie uit die staanspoor uitblaker dat sy swanger was nie en het maar met naarheid en moegheid gesukkel gedurende haar 12 ure werksdae. Andersins was haar grootste uitdaging tydens haar swangerskap om die laaste twee weke sonder Gerhard naby Bloemfontein te woon, en vir hul baba se koms te wag.

Carien het haar fisiese beweeglikheid en aanpas van haar dieet nie maklik gevind nie. "Ek kon nie saam met Gerhard die hele dag sit en visvang op die boot nie, want ek moet kort-kort 'n badkamer opsoek. Perdry is uit en om 'n rivier op 26 weke te probeer deur swem is dalk nie slim nie," lag sy. Die dra van klere vir swanger vroue was nie vir haar pret nie en sy moes nog nooit soveel water op 'n dag drink nie.

Hulle het op 'n watergeboorte besluit en vroedvroue moes raad gee omdat klein Willem verkeerd gelê het vir 'n normale bevalling. Carien het vir drie weke getrou die oefeninge gedoen, maar op 39 weke was daar steeds geen verandering nie. Carien is self 'n suster en het vooraf besluit dat keisersnee 'n absolute laaste uitweg sou wees. "So iets laat jou weer besef dat die Here in beheer is, en daarom was ek meer as gewoonlik op my knieë," erken Carien.

Die Here was getrou en Willem het in die laaste week van haar swangerskap reg gedraai. "Ek was nog nooit in my lewe so bly om pyne te kry nie, want dit was 'n aanduiding dat ek normaal sou kon geboorte skenk" vertel sy.

Op Sondag 14 Julie om 21:50 het Willem sy opwagting by 'n kliniek in Bloemfontein gemaak. Hy het 3055g geweeg en was 49cm lank. Carien het die watergeboorte en kraamproses baie positief ervaar. "Die wonderlikste vir my was dat ek en my man daardie aand rustig met ons klein babatjie tussen ons kon slaap. Ek het self nie besef hoeveel dit vir my sou beteken dat Gerhard nie hoef huis toe te gaan na die tyd nie, maar dat ons bymekaar kon wees en saam kon dankbaar voel vir so 'n groot voorreg en seën wat die Here vir ons beskik het om 'n klein verbondskindjie te mag ontvang."

Hulle het by die tradisie gehou en Gerhard se pa vernoem. Klein Willem is dus die sesde geslag in 'n ry wat Willem gedoop word.

"Na die geboorte was ons in verwondering oor die klein mensie wat skielik net so weerloos en perfek in ons arms lê. Daardie oomblik wat die baba gebore word is werklik so spesiaal soos almal sê. Mens voel opeens net so lief vir die klein mensie wat jy nog eintlik moet leer ken. Dit is werklik een perfekte goue oomblik in 'n mens se lewe," babbel sy vrolik.

Willem se ligblou en grys kamer wag op hom, maar tans slaap hy knus tussen mamma en pappa.

"Soms maak Gerhard nou kos sodat ek saans eers na Willem se belange kan omsien. Ons moet alles nou rondom Willem en sy pakkaas beplan, want anders is ons oral laat. 'n Vuil doek en 'n honger baba laat alles eers tot stilstand kom.

Die spoed waarmee mamma deesdae bad, skottelgoed was en huis opruim is ongekend, want wanneer kleinman wakker word is al die aandag daar gefokus. Die ouerpaar is selektief met die keuses van geleenthede wat hul bywoon, want tyd is nou 'n faktor.

"Jy besef eers jou ouers se harte as jy self 'n kind het. Ons besef nou hoeveel hierdie liefde mens se keuses in die toekoms sal beïnvloed. Ons geniet elke oggend se wakkerword en saans as Gerhard by die huis kom die meeste. Mens let al die kleinste goedjies op met jou eie baba en alles is vir jou oulik en uniek."

"My raad aan voornemende vroue wat wil trou is om 'n man te kies wat die Here ken en vrees. Wanneer 'n mens uiteindelik saam strewe na die wil van ons Vader is daar min van jouself in die pad wat tussen julle kan kom staan."

Ek wil afsluit met Tim 2:15: Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.

Fotos' - Cara Tomlinson



Gerhard Carien en baba Strauss




## Die FAK se nuwe Voorsitter is 'n Oraniër

fak
tuiste. trots. toekoms.

CAREL BOSHOFF IS PAS AANGEWYS AS DIE NUWE VOORSITTER VAN DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE. BOSHOFF DIEN AL VIR 22 JAAR OP DIE DIREKSIE VAN DIE FAK EN HY NEEM DIE POSISIE OOR BY DIE VOORMALIGE VOORSITTER, PROF. DANIE GOOSEN.


## ORANIA DAGBOEK

**AUGUSTUS:**

**17 Augustus:** Jukskei Opedag
Helpmekaar Damestee
TaaltoffieTaalweek
- Keurige Sang en Kuns

**20 Augustus:** Binnelandse Sake besoek Orania

**22 Augustus:** Voedselsekerheidsgesprek met Orania Tegnologievereniging

**31 Augustus:** APK Dankfees

**SEPTEMBER:**

**1 September:** Lizette Woord en Sang
Stap vir Jesus

**7 September:** Orania Gaan Groot

**21-28 September:** Orania Karnaval

**OKTOBER:**

**10 Oktober:** Heldedag – Orania Vakansiedag

**26 Oktober:** Lentedans






## Trouklokke...

ELRED FERREIRA, EIENAAR VAN 'N GASTEHUIS IN ORANIA EN TOINETTE DU TOIT IS OP SATERDAG 10 AUGUSTUS IN ORANIA IN DIE MARANATA KERK GETROUD.
KOERANIA WENS DIE EGPAAR 'N PRAGTIGE EN GESEËNDE HUWELIK TOE.


ELEKSA Pendeldiens

**Eleksa Orania Pendeldiens**
van Kleingeluk tot by Orania-Wes.
Stoppe op die roete vertrek by Gannabos, Kuierstoep, Olienhout Woonstelle, Karooland Sentrum, ou Poskantoorgebou (Karoosig Aftreeoord) Eleksa en Vulstasie.

**Tot en met 20 April is alle ritte gratis.**

Vanaf 22 April sal die kaartjiekostes vir onbeperkte ritte per dag as volg wees:
Ritkaartjie Ɵ10.00 | Dagkaartjie Ɵ30.00
6 Dae (weekkaartjie) Ɵ120.00
26 dae (maandkaartjie) Ɵ400.00

Bejaardes 80 en ouer, tussen 09:00 en 16:00 gratis vervoer.

Vertrektye vanaf Gannabos elke halfuur vanaf 06:30

Vulstasie elke halfuur vanaf 06:45 tot 09:00. Daarna uurliks, op die uur vanaf Gannabos en op die halfure vanaf Vulstasie.

Dienste stop daagliks om 20:15 en Saterdae om 15:00

**GEEN DIENSTE OP SONDAE EN GEESTELIKE VAKANSIEDAE NIE!**



VERTREKTYE

Kontak Jannie Roux 082 573 4575

GRONDLYN **Begronde riglyne vir vandag se vrae**

# Taal wys wie jy is

Alistair van Heerden - Begrond

**TAAL IS MEER AS NET 'N MIDDEL VAN KOMMUNIKASIE; DIT IS OM OOP TE MAAK. DIE BYBEL LEER ONS DAT TAAL IS NIE BLOOT 'N MENSLIKE UITVINDING OF 'N KOMMUNIKASIEMIDDEL NIE. DIT IS 'N GODDELIKE GAWE WAARDEUR GOD HOMSELF AAN DIE MENSDOM BEKENDMAAK. MET DIE FOKUS OP ORANIA SE TAALWEEK KYK ONS NA DIE OORSPRONG EN DOEL VAN TAAL.**

## God maak oop

God openbaar Homself deur sy Woord. Die selfopenbaring van God begin reeds by die skepping. In Genesis 1 sien ons hoe God die wêreld tot stand bring deur te spreek: "*En God het gesê: 'Laat daar lig wees!*'" (Gen. 1:3). Die woorde openbaar die krag en gesag van die Here. Ons leer dat wanneer God praat, Hy nie net die werklikheid vorm nie, maar ook sy eie karakter en wil openbaar.

Die selfopenbaring van God deur sy Woord kom tot vervulling in die Here Jesus Christus. Hebreërs 1:1-2 vertel ons hoe God deur die geskiedenis op verskeie maniere gespreek het, en toe in die volheid van die tyd, die volmaakte openbaring van Homself gegee het deur sy Seun, die Here Jesus Christus.

Die Here Jesus Christus is die vleesgeworde Woord van God (Johannes 1:14). In Christus is die volheid van God se openbaring tot ons gebring - nie net deur sy woorde nie, maar ook deur sy lewe, sy dade, en uiteindelik sy offer aan die kruis. In Hom het ons die finale en volmaakte selfopenbaring van God, waar ons die Vader ten volle kan leer ken.

## Sê wie: God of mens?

Mense sien taal dikwels as 'n blote hulpmiddel vir kommunikasie. Hoewel menslike taal ook iets van onsself openbaar, is dit beperk en dikwels onvolmaak. Ons woorde is onderhewig aan misverstande en misbruik. Dit word ook gebruik om God se waarheid te verdraai en te verwerp. Ons lees in Jakobus 3:8-10, die tong het die mag om groot skade aan te rig, maar dit kan ook gebruik word om God te loof.

Aan die ander kant, God se Woord is volmaak. Dit openbaar vir ons wie God is en wat sy wil is vir ons lewens. Hierdie Woord het na ons gekom deur die verkondiging van die Evangelie, waarin Christus, die vleesgeworde Woord, sentraal staan. Christus, die Woord, kom self na ons toe om ons te red, te verander, en te lei in die weg van die waarheid. God het in sy groot genade verseker dat sy Woord ook tot ons gekom het. Deur die inwoning van die Heilige Gees word die Woord lewend en kragtig in ons harte, sodat ons Hom kan ken en in sy lig kan wandel.

## Taal getuig van verbinding

Ons gebruik van taal openbaar baie oor ons verhouding met God. Deur ons woorde en dade toon ons of ons God se openbaring aanvaar en daarop reageer, of ons dit verwerp en teëstaan. Wanneer ons taal gebruik, of anders gestel, wanneer ons oopmaak om waarheid te verkondig en God te verheerlik, bely ons dat ons verstaan wie Hy is en wat Hy van ons verwag.

Daarom is taal 'n weerspieëling van ons geestelike toestand. Dit is 'n openbaring van onsself. Ons taal vertel aan ander waaraan ons onsself bind. Daarom moet ons, as dissipels van Christus, daarna streef om ons taal tot instemming te bring met die waarheid van God se Woord (1 Tim. 6:3-5).






# Klawers in die boord

Fotos - Dia van Staden

Op Saterdag 27 Julie het 'n groot groep talentvolle klavierspelers hulle litte losgemaak om Huppelkind Dagsorgsentrum se jaarlikse fondsinsameling, Klawers in die boord, moontlik te maak.

Die toeskouers het met piekniekmandjies in die middagson op gemaklike kampstoele en uitspankombersies tussen die pekanbome van die Dendron Pekanboerdery hul sit gekry.

Daar is vir ongeveer twee ure na pragtige klawermusiek geluister terwyl daar 'n ligte, maar lekker atmosfeer geheers het. Moche Naudé en Emma de Villiers is twee kinders wat hulle vernuf vanjaar kom deel het.

Ander deelnemers het onder andere vir Esmien Kruger, Elsa Nothnagel, Annamarie van der Merwe en Magdaleen Kleynhans ingesluit.



Alta Botes en Elsa Nothnagel

Marli Snyman

Shenley Pretorius

Moche Naudé

'n Kuiergeleentheid vir 'n familie

## Lisa liefbesie se sewe verlore kolle

BOEKENUUS

**RIANA SCHEEPERS**

Meer oor die boek
Ontmoet Lisa Liefbesie, 'n pragtige liewenheersbesie met bloedrooi vlerkies en helder swart kolle. Sy is geliefd deur al die diere op die groot plaas waar sy woon. Maar op haar verjaarsdag gebeur iets skrikwekkends – haar mooi kolletjies verdwyn spoorloos! Volg Lisa op 'n opwindende avontuur terwyl sy soek vir haar kolle. Ontmoet vriende soos Kollehond, Bessie die Frieskoei, en Takelane Tarentaal, wat almal probeer help om die raaisel op te los. Sal Lisa haar kolletjies vind voordat haar verjaarsdagpartytjie verby is?

*Uitgewer: Lapa*




## Tannie Lenie en oom Piet trek

Fotos - Dia van Staden

Tannie Lenie en oom Piet Kotze het vanaf 1 Maart 2014 tot 31 Julie 2024 in Orania kom aantree om diep spore in die maatskaplike dienste van Orania te trap. 'n Paar vriendinne het besluit om tannie Lenie oor 'n koppie tee en 'n soetigheid te groet, voordat die treklorrie sy neus in die Wes-Kaap se rigting druk.

Daar is 'n rits gevleuelde woorde uit die harte van vriendinne met tannie Lenie gedeel. Die trane het gevloei en baie koesteroomblikke is herhaal sodat sy sonder twyfel kon weet dat sy waardeer word en dat elke Oraniër haar en oom Piet 'n geseënde toekoms toebid.



Tannie Lenie en Lilize J van Rensburg, wat die kuier inisieer het



Renska Deetlefs en Magda Opperman



Annemarie van der Merwe



Annetjie Joubert



Esmien Kruger en Esna de Beer



Bettie Schutte



Uysie Kirsten

# KragDag sit nog 'n bemarkingsveer in Orania se hoed

Op 8, 9 en 10 Augustus is Sakeliga KragDag Sentraal by die Diamantvallei Landgoed, 20km buite Pretoria, met groot sukses aangebied. Met 'n slagspreuk soos "doen jou eie ding" was dit die perfekte plek vir Orania om ook drie van sy instellings daar te laat uitstal.

Pieter Bisschoff, hoof van inligting en bemarking by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy vertel dat hul stalletjies deur besoekers genader is wat goed ingelig is oor Orania. Opmerkings soos "julle is die ouens wat vorentoe beweeg" en "julle is suksesvol" is gereeld geopper.

Volgens Pieter en Frans de Klerk, kommunikasiebeampte van die Orania Beweging, is daar telkens na Orania verwys as 'n suksesverhaal van die Afrikaner. Daar word geraam dat ongeveer 17 000 voete per dag deur die hekke beweeg het. "Dit maak die byna 700km uitstappie definitief die moeite werd. Bloot net om mense se oë te sien rek wanneer hulle met verbasing opmerk dat Orania ook daar is het getoon dat Orania se betrokkenheid erken word," noem Frans.

Paul Vogel, uitvoerende hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum, wat die derde uitstalruimte namens Orania opgeneem het, sê: "Voornemende studente en hul ouers was nuuskierig oor ons kursusse en die feit dat 'n student in veiligheid hul ambag kan bemeester."

Die algemene terugvoer van Orania se verteenwoordigers is dat mense steeds meer wil uitvind oor Orania en vrae gevra het wat strek van die sonplaas tot Ora's. Hul spreek die moontlikheid uit dat mense wil kom kuier om die dorp self te beleef.

"Dit is vir Orania 'n belangrike mark om by betrokke te wees, aangesien daar baie Afrikaners in die ou Transvaal is wat opsoek is na 'n toekoms vir hulle kinders, hul kultuur en hul geloof," beaam die drie Orania instellings.

'n Warm en stowwerige paar dae was met glimlagte aangepak om die swaarkry met lekkerkry klaar te kry.

Foto - Verskaf



Frans de Klerk en Pieter Bisschoff gesels met besoekers aan die Orania stalletjies tydens die Kragdag 2024 ekspo.

# Bo-Karoo Opleiding skep verdere bewusmaking by KragDag

Bo-Karoo Opleiding (BKO) het van 8 tot 10 Augustus by KragDag 2024 onder die tema "Daar is 'n alternatief" uitgestal. Hierdie geleentheid was 'n belangrike stap om BKO se kenmerk te versterk en verdere bewusmaking te skep oor die opleiding en kursusse wat hul bied. Besoekers kon meer leer oor ons programme, insluitend Boerderybestuur, Bou en Siviele Konstruksie, Elektries, Loodgieter, Vroeë Kinderontwikkeling, Tuisversorging, Tuissorgassistent, en 'n voorsmakie van die Nutsman-kursus wat in 2025 bekendgestel word.

BKO se teenwoordigheid by KragDag het hul toewyding aan professionele ontwikkeling en vaardigheidsopleiding verder onderstreep.

Hul stalletjie het 'n bestendige stroom besoekers gelok, wat grootliks bestaan het uit mense wat reeds vertroud is met die instelling en diegene wat graag meer oor hul kursusse wou uitvind.

"Dit was 'n opwindende geleentheid om met potensiële studente en hul gesinne te gesels," sê Paul Vogel, BKO se uitvoerende hoof. "Die belangstelling wat ons waargeneem het, wys dat mense na gehalte opleidingsopsies soek, en ons is trots om deel te wees van hierdie oplossing."

BKO se deelname aan KragDag 2024 was suksesvol en het die konsep van 'n "kampus sonder mure" verder gevestig.

Foto - Verskaf




Die Bo-Karoo Opleidingsentrum-uitstalling is onder andere deur Johan Klinck, departementshoof van ambagte, en Hanlie Pieters, bemarkingsbestuurder, beman

OKKASIE HASIE
*maak elke funksie 'n fees!*
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANIA
Sport
Augustus, 2024
Volume 01 | Uitgawe Nr. 09

pluspunt
ARGITEKTUUR + MEER
JACOBUS LE GRANGE - PrSArchT
084 766 5938 - jacobus@pluspunt.co.za

# Winterswem is vir die dapper Oraniërs – of is dit?

Meer as 35 Oraniërs tussen die ouderdomme van 7 en "meer" het die Oranjerivier se waters op 13 Julie by die ingang van Sandbaai, 'n gewilde visvang en kuierarea, aangedurf.

Die jaarlikse Winterswem, soos dié malligheid bekendstaan, word vroegoggend in minus grade met 'n groot vuur en, vir die ouer swemmers, soete dapperdruppels of koffie afgeskop.



Die gebibber rondom die vuur het al harder geword terwyl die leiers met motiverende woorde en uitdagings vol dapperheid die groep bemoedig en voorberei het. Toe die gewraakte kreet opklink was dit deur klappertande kliphard geskree.

Oud en jonk het van hul lae klere rondom die vuur begin afstroop. Die woord is deur die ere-presidente van Winterswem, Lukas van der Merwe, Joost Strydom en Frans de Klerk gespreek voordat die hele groep die water om 07:00 stuk-stuk betree het.

Hier en daar kon daar gille van koue, wat die byna warm liggame tref, gehoor word. Gou was die hele groep staande in die rivier. Die volgende uitdaging was om vir een sekonde kop-en-al onder die water in te sak, en daarna moet elkeen nog 60 sekondes bly staan voordat uitgeklim mag word.







Die oe's en a's was helder van die water se kant af gehoor. Almal het hul na handdoeke, klere of die warmte van die vuur se vlamme gehaas. Hulle het dit gedoen! Nou kon daar gespog word met sukses.

Tot volgende jaar!

BO-KAROO EIENDOMME

ALLEENMANDAAT

ERWE TE KOOP
in die immergewilde
RUSPUNT ONTWIKKELING




Ruspunt-ontwikkeling is eksklusiewe en uitstekende beleggings geleentheid waar u waarde vir u geld kry en u droom huis kan bou!!

Slegs nog 6 ruim erwe beskikbaar!

| | | |
|---|---|---|
| Aandeelblok H195 | 753.0 m² | R 643,815 |
| Aandeelblok H196 | 890.0 m² | R 760,950 |
| Aandeelblok H198 | 745.0 m² | R 636,975 |
| Aandeelblok H199 | 757.0 m² | R 647,235 |
| Aandeelblok H200 | 1001.0 m² | R 855,855 |
| Aandeelblok H201 | 730 m² | R 624,150 |

*Addisionele Grootmaatdienste en Padbydragkostes betrokke. Verblyfsreg is 'n vereiste.*







Vir meer inligting kontak
Marda van Dyk
061 172 7317